

Inhoud Hierdie preek wys hoe gelowiges die Here se liggaam in die tekens van brood en wyn in die Nagmaal onderskei. Hulle sien en glo dat Christus vandag nog steeds mens van vleis en bloed in die hemel is, en dat Hy deur die krag van sy Godheid hulle met Hom só verenig dat hulle sonde sy sonde is en sy gehoorsaamheid hulle gehoorsaamheid is. In die tekens van brood en wyn onderskei gelowiges wie is die een wat vir sondes gebreek en uitgegiet is, Christus en wie vir God se liefde heel is, ons wie in Christus is. In die moderne Christelikheid is die Nagmaal 'n teken dat jy soos Jesus moet wes en leef en só word die Nagmaal die teken waarmee mense God se oordeel oor hulleself bring.

Skriflesing Rom. 6: 3 – 11; 1 Kor. 11: 23 – 29;

Teks 1 Korintiërs 11: 28: “Maar laat elkeen homself ondersoek, en daarvolgens van die brood eet en uit die beker drink.

Tema Ons onderskei die liggaam van die Here in die Nagmaal tekens.

1. Ons het vanoggend die voorreg dat jongmense wat as babas in Christus gedoop is, vanoggend hulle geloof in Jesus Christus hier in ons erediens openlik kom bely. Met hierdie geloofsbelydenis gaan hulle vanoggend saam met ons die eerste keer die Nagmaal gebruik.

Hulle kan vanoggend hulle geloof openlik bely en die Nagmaal gebruik omdat hulle kan doen wat die Here vir ons deur die apostel Paulus wys hoe jy die Nagmaal moet gebruik – jy moet jouself ondersoek en volgens jou selfondersoek die brood eet en die wyn drink.

Paulus verduidelik wat hierdie selfondersoek is sommer dadelik in die volgende vers as 'n selfondersoek waarin jy in die tekens van brood en wyn, die liggaam van die Here moet onderskei.

Paulus stel dat as jy dit nie kan doen wanneer jy Nagmaal gebruik nie, om die liggaam van die Here in die teken van brood en wyn te onderskei, dan is jy besig om met die Nagmaal die oordeel van God oor jouself te bring.

Die kerkraad het besluit en verklaar vanoggend dat hierdie jongmense die Nagmaal só kan gebruik dat die Here hulle deur die Nagmaal sal versterk in hulle geloof en dat hulle hulself nooit met die Nagmaal onder onder die oordeel van God kan stel nie.

2. Hulle kan omdat hulle hulle geloof in Christus bely met die slagspreuk: Syne is myne en myne is Syne!

Met hierdie geloof in hulle harte sal hulle die brood eet en die wyn drink: Syne is myne en myne is Syne! Dit is met hierdie geloof dat hulle die liggaam van die Here in die brood en wyn kan onderskei.

Watter liggaam van die Here kan hulle in hierdie belydenis onderskei van die tekens?

Die liggaam van die Here soos Paulus dit aankondig in Romeine 6: 10 : “Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.”

Christus leef vandag as mens van vleis en bloed, die lewe wat Hy as mens leef vir God – in die hemel! Christus is deur die heerlike magsdaad van God die Vader uit die graf uit opgewek om weer 'n mens van vleis en bloed te wees – wat vir altyd as mens vir God leef! (Rom. 6: 4) Omdat hulle Christus só leer ken het in die kategeese en hulle hierdie geloof hul eie gemaak het in hul harte, kan hulle die liggaam van die Here in die tekens onderskei.

Die brood is 'n teken van die Here se menslike liggaam van vleis in die hemel, en die wyn is 'n teken dat daar vandag nog bloed in die are van Jesus as mens vloei. Wie die brood en wyn só kan sien, kan die liggaam van die Here in die tekens onderskei en die Nagmaal gebruik.

3. Die brood en wyn is nie net tekens van die Here se menslike liggaam vanoggend in die hemel nie, dit is 'n teken dat Syne is myne en myne is Syne!

Paulus kondig dit in Romeine 6: 8 só aan: “As ons saam met Christus gesterf het, glo ons ook dat ons saam met Hom sal leef.” Christus het nie sommer net aan die kruis doodgegaan nie. Hy het ter wille van ons sondes, een en vir altyd gesterf.

Een mens kan nie vir 'n ander mens se sondes sterf nie! God kan nie 'n mens vir 'n sondes wat nie sy eie is straf nie. Elke mens boet en betaal vir sondes wat jou eie is. Die evangelie is dat ons en Christus het saam gesterf vir ons sondes! Dit stel Paulus tog duidelik in Rom. 6: 8 – ons het saam met Christus gesterf!

Hoe?

Ingedoop! Ons is ingedoop in Christus! Dit is hoe en hoekom ons tog hierdie jongmense as babas gedoop het. Omdat hulle ingedoop was en nog steeds is in Christus, in Christus as mens van vleis en bloed in die hemel.

Die water waarmee ons hulle gedoop het, was 'n teken van die heerlike magsdaad van die Here Jesus Christus dat Hy deur die Heilige Gees hulle ingelyf het, ingeënt het in homself op só 'n wyse dat Hy s Here in al hulle sondes ingelyf is en hulle by die lewe wat die Here as mens vandag nog reg leef, ingelyf en ingeënt is.

Deur hierdie inlywing en inenting sal die Here in elke sonde van hierdie jongmense altyd deel met die regsbeginnsel, “Die deler is net so goed soos die steler.”

Hulle was in Jesus se doop ingedoop op so 'n wyse dat Hy in hulle sondes ingedoop is en hulle in sy heilige lewe ingedoop is.

Christus is nie sondes wat nie sy eie is gekruisig nie en het nie vir sondes wat nie sy eie is gesterf nie. Hy het ons sondes sy eie gemaak deur ons in Homself in te sluit en só het ons en Christus saam vir ons sondes gesterf met sy dood.

My sondes is Syne en Sy heiligheid en regverdigheid as mens is myne!

4. Die doop bly vir hulle 'n teken dat hulle vir altyd in Christus ingelyf is en hulle sondes eens en vir altyd weggeneem is toe Christus aan die kruis gesterf het.

Vanoggend gee ons aan hulle 'n ander teken, nie water nie, maar brood en wyn!

Hulle moet die liggaam van die Here kan onderskei in hierdie tekens om hierdie tekens reg te kan gebruik. Die brood waarin hulle die liggaam van die Here moet onderskei, is gebreekte breek, en die wyn waarin hulle die liggaam van die Here moet onderskei, is wat uitgegiet is. Ons ontvang nie elkeen 'n heel brood of 'n vol bottel wyn nie. Ons ontvang 'n stukkie brood van 'n gebreekte brood en 'n bietjie wyn van wyn wat uitgegiet is.

Wat hulle van die liggaam van die Here moet onderskei is dat sy liggaam gebreek word sodat ons heel kan wees. Dit sien ons in die brood en wyn, sy liggaam is die gebreekte liggaam, nie myne nie en sy bloed is uitgegiet, nie myne nie. In die brood en wyn moet jy die gebreekte liggaam en uitgegote bloed van die Here van jou heel liggaam kan onderskei.

Paulus wys hierdie onderskeidende geloof in Romeine 6: 5: "As ons inderdaad met Hom saamgegroeï het in 'n dood soos Syne, sal ons ook met hom saamgroeï in 'n opstanding soos Syne."

Syne is myne en myne is Syne, maar nou word dit gekwalifiseer as "saamgroeï." Hierdie saamgroeï mag u nie verstaan soos twee verskillende plante wat saam geplant is in een pot en moet saamgroeï. Saamgroeï gaan oor twee plante wat in mekaar ingeënt is en saam groeï! Die takkie moet saamgroeï met die wortels waarop hy ingeënt is en die wortels moet saamgroeï met die takkie wat op hom ingeënt is!

Hoe leef 'n mens so 'n lewe waarin jy met Christus en Christus saam met jou groeï? Soos Paulus dit stel in Rom. 6: 11: "Beskou julleself dan so dat julle in Christus dood is vir die sondes, maar lewend vir God."

5. Dit is die evangelie wat ons hierdie jongmense in die twee jaar wat hulle saam met ons gewerk het geleer het – beskou jouself in Christus as dood vir die sondes en lewend is vir God:

- Ingesluit in Christus se geboorte – is al jou onheiligheid en onheilighede Christus s'n, en daarvoor is Hy deur God se toorn gebreek. Sy gebreekte liggaam vir jou onheilighede sien jy in die stukkie gebreekte brood wat jy in jou hand hou. Hy is gebreek vir jou onheilighede, nie jy nie. In sy gebreekte liggaam moet jy jouself sien as God se heel, heilige kind. Daarom kan jy met hierdie waardigheid vir God leef – heel, heilig vir God!
- Ingesluit in Christus se lyding – is al God se aanklagtes en veroordelings Christus s'n, en is Hy as mens deur God se toorn daarvoor gebreek. Dit sien jy in die wyn wat uitgegiet is. Sy bloed is vergiet vir my veroordelings sodat ek heel is vir God. Die Here sal jou altyd met Christus se heerlikheid as sy Seun

verheerlik. Daarom sal die Here jou altyd as sy kind verheerlik – leef met hierdie eer vir heel God!

- Ingesluit in Christus se kruisiging – is al die vervloeking van jou sondes Christus s'n en is Hy hiervoor gebreek en uitgegiet. Jy is altyd die Here se geseënde kind Daarom kan jy altyd met hierdie dankbaarheid vir God hel leef.
- Ingesluit in Christus se dood – is al jou skuld Christus s'n, hiervoor is Hy gebreek, sodat jy altyd die beloning van sy verdienste ontvang. Daarom leef jy altyd heel binne hierdie krediet vir God!
- Ingesluit in Christus se hel – is al jou haat vir God Christus s'n, hiervoor is Hy gebreek sodat die Here jou altyd sal liefhê. Jy kan altyd heel leef binne God se liefde vir jou!

Hierdie geloof, Syne is myne en myne is Syne, is hoe jy jouself dood beskou en jy vir God leef!

Vir hierdie lewe in en deur die geloof, het die Here vir hulle die brood en wyn as tekens gegee – om hulle in hierdie geloof en lewenswyse te verseker en te versterk! 'n Lewenswyse waarin hulle hulleself kan ondersoek, en daarvolgens die brood eet en die beker kan drink terwyl hulle onderskei wie is gebreek en wie is heel!

6. Hoe doen hulle hierdie selfondersoek, waarvolgens hulle dan die brood eet en die beker drink?

Hulle doen dit só, só het hulle dit in die kategese ontdek!

- As ek na myself in die wet van God kyk, is ek onheilig, maar in Christus sien ek my onheiligheid is Syne en sy heiligheid is myne – ek weet ek so in Christus heilig vir God en kan ek waardig vir God leef! Só onderskei jy die Here se liggaam in die tekens en kan jy dit gebruik!
- As ek na myself in die wet van God kyk, moet ek voor God se aanklagte en veroordelings gaan staan, maar kyk ek na Christus dan sien ek my veroordelings is Syne en sy heerlikheid is myne – Só weet ek God verheerlik my en ek kan met eer vir God leef. Só onderskei jy die Here se liggaam in die tekens en kan jy dit gebruik!
- As ek na myself in die wet van God kyk, moet ek God se vervloeking dra, sy straf dra en deur God verwerp word, maar kyk ek na Christus, sien ek dit alles is Syne sodat ek in die liefde van God leef.

Hulle kan vanoggend hierdie selfondersoek doen wanneer hulle die brood eet en die beker drink – hulle kan die liggaam van die Here onderskei van hulle self as die enigste liggaam wat gebreek is vir die sondes wat hulle doen. Hulle al nooit deur God vir hulle sondes gebreek en uitgegiet word nie.

So kan hulle hul eie liggaam, hul eie menswees onderskei van die Here se gebreekte liggaam as – heel: ek is heel vir God se liefde, sonder enige straf, oordeel, vervloeking en verwerping.

7. Hulle kan nie vanoggend die Nagmaal gebruik om God se oordeel oor hulle self te bring nie. Hulle het hulle vereniging en eenheid met Christus ontdek en vertrou die Here daarvoor in hierdie belydenis: Syne is myne en myne is Syne!

Christus is in sy lyding en opstanding vir hulle nie 'n voorbeeld of rolmodel nie. Hulle glo nie Jesus wys in sy lyding en opstanding vir hulle hoe hulle soos Jesus moet wees en soos Jesus moet leef nie.

Dit is hoe die meeste kinders in kerke deesdae geleer word!

Dit is soos om twee plante in een pot te plant, en vir die een plant te sê jy moet kyk hoe die ander plant groei en jy moet soos die ander plant groei en leef!

Dan word die Nagmaal die geleentheid waarin jy weer moet sien en voel dat jy soos Jesus moet wees!

Die Nagmaal wys jou Jesus het vir jou sondes, gely, is daarvoor gekruisig, het daarvoor gesterf en ter helle neergedaal. Wanneer jy dan dit is die brood en wyn sien, dan moet jy sien wat jy vir die Here moet doen!

- Soos Jesus vir jou sondes aangekla was, moet jy jouself aankla omdat Jesus vir jou sondes aangekla moes gewees het.
- Soos Jesus vir jou sondes vervloek is, moet jy jouself voor God vervloek dat jy so iets met Jesus laat gebeur het.
- Soos Jesus vir jou besterf het, moet jy jou eie-ek vir God dood maak en jouself as offer aan God oorgee.
- Soos Jesus vir jou ter helle neergedaal het moet jy jouself verwerplik sien en jouself haat vir wat jy aan Jesus gedoen het.
- Soos Jesus opgestaan het, moet jy God binne in jou lewe laat opstaan en Jesus op die troon van jou hart sit soos hy aan die regterhand van God gaan sit het.

8. Dit is mos presies wat Paulus wys – hierdie manier van glo, leef en die Nagmaal gebruik, is hoe jy besig is om 'n oordeel oor jouself te bring, en die Nagmaalbrood te eet en die beker te drink as tekens waarmee jy die oordeel van God oor jouself bring!

Wanneer jy in die Nagmaal sien dat jy soos Jesus moet wees en doen wat Jesus gedoen het, dan word dit die teken waarmee jy God se oordeel oor jouself bring.

Dit is hoe ons kinders vandag vir die visies en missies van geestelikes opgeëis word, as die kanonvoer vir hulle geestelike koninkryke:

Jy moet jouself aankla, oorgee, beskuldig, laat boet en betaal soos Jesus deur soos Jesus jouself oor te gee, op te gee en weg te gee vir God!

Wat kan hierdie jongmense wat hulle self so opoffer nooit weer in die brood en wyn onderskei nie?

Die liggaam van die Here Jesus as mens in die hemel! Hulle glo nie meer in sy opstanding as mens uit die dood nie en glo nie meer dat Hy vandag as mens vir God leef nie.

Omdat hulle nie sy liggaam in die tekens van die Nagmaal kan onderskei nie, glo hulle ook nie meer hulle vereniging en inenting in Christus nie – Syne is myne en myne is Syne!

Daarom kan hulle nie met Christus saam leef in die krag van hul eenheid met Christus nie:

Ek is heilig en kan waardig leef vir die Here!
Ek is God se verheerlikte kind en mag Hom eer!
Ek is God se geseënde en leef dankbaar vir Hom.
Ek is God se geliefde kind en het die Here lief!

9. Ons het vir elkeen van hierdie jongmense na ons hulle in die evangelie van die Here onderrig het: hoe sou julle die Nagmaal gebruik het, as ons julle nie geleer het dat Jesus self God is en terselfdertyd nog steeds 'n mens van vleis en bloed in die hemel is nie?

En almal het bevestig – ons sou glad nie geweet het wat ons gedoen het nie!

Ons sou probeer het om dit vir ons belangrik te laat wees, en ons sou dit tekens gemaak het van wat ons vir Jesus doen!

Hulle kan vanoggend met die Nagmaal die dood van die Here Jesus verkondig!

Hulle gaan nie hulle oorgawes, besluite, keuses, opoffering en onderwerping met die Nagmaal demonstreer nie. Hulle gaan nie van die Here se teken, sy brood en sy wyn, 'n teken van hulle geestelikheid maak nie.

Ons vra hulle nie om hulle geestelikheid met die Here se tekens te kom demonstreer en uitbeeld nie. Ons vra hulle kom verkondig die dood van die Here in en deur die tekens waarin jy die liggaam van die Here onderskei!

En dit is hulle openbare geloofsbelydenis: ons verkondig die dood van die Here totdat hy kom – Syne is myne en myne is Syne!

Die tekens van die Here herinner ons aan die liggaam van die Here as mens in die hemel waarmee ons verenig is – en ons onderskei sy liggaam in die brood en wyn – dit wys ons wie die Here is.

Dit is nie ons tekens waarmee ons wys dat ons soos Jesus is en wat Jesus gedoen het, met ons self doen nie.

Hulle mag hulle geloof kom bely as die verkondiging van die dood van die Here totdat Hy kom en hulle mag Nagmaal gebruik in hulle geloof:

Syne is myne en myne is Syne!